higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

DAGSORGBETUUR N6

10 JUNIE 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 C
1.2 B
1.3 C
1.4 A
1.5 A
1.6 B
1.7 C
1.8 B
1.9 A
1.10 B

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Behou vitamines
2.2 Verminder vet
2.3 Verminder suiker
2.4 'Silence cloth'
2.5 Spyskaart
2.6 Voedselintoleransie
2.7 Diabetes
2.8 Ragitis
2.9 Spyskaartsiklus
2.10 Uittering

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 3

3.1 Onwaar
3.2 Waar
3.3 Waar
3.4 Onwaar
3.5 Waar
3.6 Waar
3.7 Waar
3.8 Waar
3.9 Onwaar
3.10 Waar

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 I
4.2 G
4.3 J
4.4 A
4.5 B
4.6 H
4.7 E
4.8 F
4.9 D
4.10 C

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 5

5.1
- Sluit 'n verskeidenheid voedseltipes in.
- Gebruik 'n verskeidenheid kookmetodes.
- Kleur en die tipe voedsel is belangrik.
- Hou tekstuurkombinasies in gedagte.
- Moenie te veel speserye gebruik nie.
- Moenie groente van dieselfde familie, byvoorbeeld kool en blomkool, saam bedien nie, .
- Moenie 'n spesifieke voedseltipe twee keer, byvoorbeeld wortelslaai en gekookte wortels, tydens dieselfde maaltyd bedien nie.
- Voedsel met verskillende temperature, byvoorbeeld 'n koue slaai en 'n warm nagereg, kan tydens dieselfde maaltyd bedien word.
- Oor die algemeen hou kinders nie van speseryagtige kos nie. (Enige 5 × 1) (5)

5.2
- Dit beperk die herhaling van sekere tipes voedsel.
- Voedsel en arbeidskoste kan beheer word.
- Dit vergemaklik die aankoop van voedsel, verminder vermorsing en tyd kan doeltreffender gebruik word.
- Minder tyd word bestee aan die beplanning van spyskaarte en die bestelling van voedsel.
- Die spyskaartbeplanner kan makliker sien wanneer 'n probleem voorkom, byvoorbeeld as daar te min vrugte op die spyskaart is. Ons kan dus seker maak dat al die noodsaaklike voedingstowwe ingesluit word.
- Nuwe resepte, kookmetodes en voedselkombinasies kan bygevoeg word.
- Interessante spyskaarte kan help om 'n smaak vir alle voedsel, veral by jong kinders aan te moedig. (Enige 3 × 1) (3)

Kopiereg voorbehou

5.3
- Handel die toiletroetine voor maaltye af sodat al die kinders hulle hande was voor hulle eet.
- Kinders kan gevra word om tydens maaltye te help, byvoorbeeld, hulle kan help om die tafel te dek of om die tafel na 'n maaltyd af te vee.
- Die grootte van die meubels, eetgerei en breekgoed moet geskik wees vir die kinders.
- Bedien aanvanklik 'n klein porsie en maak voorsiening vir tweede porsies, maar moenie aandring op 'n skoon bord nie.
- Moedig elke kind aan om 'n tafelgebed of 'n dankseggingsgebed te doen of om bloot 'n oomblik se stilte te hou, soos hulle verkies.
- Sosiale kontak tydens maaltye moet aangemoedig word. Dit is 'n manier om kinders se kommunikasievaardighede te verbeter. Die educarer moet by die kinders sit om as voorbeeld vir korrekte gedrag te dien.
- Moenie aandring op volmaakte tafelmaniere nie.
- Moenie verwag dat die kinders moet wag totdat almal hul kos klaar geëet het nie,
- Laat hulle toe om onder toesig buite te gaan speel. (Enige 6 × 1) (6)

5.4
- Was skottels, breekgoed, eetgerei en potte onmiddellik na gebruik.
- Moenie troeteldiere of troeteldiere se kosbakke in die kombuis toelaat nie.
- Moenie klere in dieselfde wasbak was wat vir eetgerei en breekgoed gebruik word nie.
- Vee alle voedselstortings onmiddellik op.
- Hou die kombuis vry van insekte, knaagdiere en plae, byvoorbeeld rotte, muise, vlieë en kokkerotte.
- Maak asblikke gereeld leeg. Asblikke moet elke dag gewas en ontsmet word en moet altyd bedek word sodat hulle nie vlieë lok nie.
- Was en steriliseer vadoeke elke dag.
- Pak eetgerei/breekgoed weg sodra dit gewas is om besoedeling deur vlieë te voorkom.
- Was werkoppervlaktes na elke maaltyd.
- Maak alle kombuisoppervlaktes, toestelle en toerusting gereeld skoon en ontsmet oppervlaktes.
- Was vloere elke dag. (Enige 10 × 1) (10)

5.5
- Alle transaksies moet aangeteken word.
- Daar moet voldoende interne beheermaatreëls wees.
- Dit moet akkuraat wees.
- Dit moet konsekwent wees.
- Dit moet die verloop van die finansiële aktiwiteite van die organisasie betekenisvol weerspieël. (5)

5.6
- Rente word verdien.
- Geld mag te eniger tyd getrek word.
- Geen bankkoste is betaalbaar op spaarrekeninge nie.
- Onttrekkings kan by enige tak van die bank gedoen word, mits die trekker homself/haarself identifiseer.
- Debietkaarte kan aan spaarrekeninge gekoppel word.
- Party banke voorsien selfs tjeks wat op 'n spaarrekening getrek word om kliënte te help om groot bedrae geld oor te plaas. Jy moet na die bank toe gaan om aansoek te doen om 'n tjek. (Enige 3 × 1) (3)

Kopiereg voorbehou

5.7
- Mens kwalifiseer vir 'n garagekaart (petrolkaart), debietkaart, kredietkaart, tjekboek en depositoboek. Jy moet egter vir hierdie dienste betaal.
- Geld kan te eniger tyd getrek word by enige bank of OTM.
- Mens kan aansoek doen om 'n oortrokke fasiliteit wat jou toelaat om meer te spandeer as wat jy op 'n sekere tydstip in jou rekening het. Dit help mens met jou kontantvloei gedurende moeilike tyde in die maand.
- Mens ontvang 'n maandelikse bankstaat elektronies of per pos aan die einde van die maand. (Enige 3 × 1) (3)

5.8
- Bereken die bedrag geld wat waarskynlik gedurende die jaar sal inkom.
- Bereken hoeveel jy nodig sal hê vir noodsaaklikhede.
- Bereken wat nodig is vir toekomstige sekuriteit, byvoorbeeld, versekering.
- Bereken hoeveel geld sal oorbly om te spaar, vir ekstras en uitbreidings. (4)

5.9
- Personeellede word aangemoedig om hul bes te doen.
- Hierdie mense is aan die instelling bekend en daar is dus minder probleme met aanpassing.
- Werwingskoste is laer.
- Bewys dat bevordering moontlik is.
- Aansoekers weet presies wat om te verwag. (Enige 4 × 1) (4)

5.10
- Werkloosheidsvoordele
- Siektevoordele
- Kraamvoordele
- Aannemingsvoordele
- Sterftevoordele (Enige 3 × 1) (3)

5.11
- Debutantebal
- Dans - disko
- Bring en braai
- 'Mystery drive'
- Gesinspiekniek
- Pretstap/-draf
- Sportdag
- Fees
- Koekverkoping
- Karoake-aand
- Uitkamp (Enige 4 × 1) (4)

[50]

VRAAG 6

6.1
- Dit bevat die minimum aanvaarbare vereistes om die werk doeltreffend te kan doen.
- Vorm die grondslag van die werwingsfunksie.
- Volledige posinligting kan 'n waardevolle bron van inligting vir die hoof wees om te besluit watter opleiding nodig is.
- Dit is 'n belangrike bron om onderskeid te tref tussen die verskillende poste en die salarisse vir die verskillende poste.
- 'n Posbeskrywing gee 'n goeie verduideliking van die werknemer se verhouding met ander werkers in die dagsorgsentrum en kan enige moontlike misverstande voorkom. (Enige 3 × 1) (3)

6.2
- 'n Werknemer spaar en dra by tot 'n pensioen terwyl hy of sy gesond is en kan werk en sal geld uit die skema kan trek wanneer hy of sy siek word of aftree-ouderdom bereik.
- In geval van dood word 'n kontantbetaling aan die oorledene se gesin gemaak.
- As die werknemer dalk ongeskik/onbekwaam sou word of nie meer sy of haar werk kan doen nie, sal hy of sy 'n kontantbetaling en 'n ongeskiktheidsbetaling ontvang.
- Werknemers trek voordeel uit die werkgewer se bydrae tot die pensioen.
- Daar is geen koste vir afsonderlike polisse nie, wat die geval sou wees as elke werknemer sy of haar eie pensioenpolis sou moes uitneem nie.
- Voordele kan oorgedra word indien die werknemer van werk sou verander.
- Bydraes word afgetrek van die inkomstebedrag waarop die werkgewer belas word. (Enige 3 × 1) (3)

6.3 6.3.1 Die bestuurder neem die toekoms in ag en beplan om sekere sake-aktiwiteite uit te voer en te implementeer.

6.3.2 Vind plaas wanneer aangeleenthede op 'n manier gerangskik word sodat alles en almal sistematies saamwerk om 'n geheel te vorm. Bestuur reël die aktiwiteite en hulpbronne van 'n onderneming.

6.3.3 Die proses waarvolgens aktiwiteite aan die gang gesit en aan die gang gehou word. Iemand moet leiding gee aan werknemers wat spesifieke aktiwiteite bestuur.

6.3.4 Die prosesbestuur wat gebruik word om te verseker dat die aktiwiteite van verskillende mense of afdelings gekoördineer en geharmonieer word by wyse van samewerking om te verseker dat die doelwitte van die organisasie bereik word

6.3.5 Bestuur beheer die uitvoering van planne om te verseker dat alles gedoen word in ooreenstemming met beplanning en doelwitte.

6.3.6 Werknemers moet oortuig word om permanent by die onderneming te bly; om die take wat aan hulle gegee word op die doeltreffendste wyse uit te voer.

Kopiereg voorbehou

6.3.7 Kommunikasie vind die hele dag plaas tussen mense, tussen die educarer en kinders, tussen ouers en personeel. Kommunikasie maak samewerkende menslike gedrag moontlik. Dit behels die oordrag van inligting, verwagtinge, begrip en behoeftes van een persoon of groep mense aan 'n ander persoon of groep mense.

6.3.8 Implementering beteken dat planne verwesenlik word deur middel van werkprosedures, byvoorbeeld om 'n uitstappie te organiseer. Hierdie taak moet aan 'n verantwoordelike personeellid toegeken word.

(8 × 2) (16)

6.4
- Verskaf ondersteuning vir en interaksie met individuele werknemers, ouers en kinders.
- Maak die delegering van take moontlik.
- Vergemaklik werkswinkels vir werknemers en vaardigheidsontwikkeling moontlik.
- Maak voorsiening vir professionele ontwikkeling (van administrasie).
- Maak beter oorkoepelende beplanning, byvoorbeeld finansiële beplanning moontlik.
- Het minder ooreising ('burn-out') tot gevolg.
- Verskaf werkbevrediging. (Enige 3 × 1) (3)

6.5
- Om die telefoon te beantwoord – roetine aktiwiteite
- Vriendelike gesprekke met kollegas
- Roetine korrespondensie
- Soektog na dokumente
- Mense wat laat vir werk kom
- Mense wat verlengde teetye/middagetepouses neem
- Vermorsing van tyd op onbeduidende, uitgerekte vergaderings
- Swak organisasie
- Onakkurate, onvolledige of onbehoorlike hantering
- Oordrewe detail
- Uitstellery
- Onderbreking
- Versuim om te delegeer (Enige 3 × 1) (3)

6.6
- Asma
- Koronêre hartsiekte
- Menstruele siekte
- Herhaalde swak spysvertering
- Abnormale pyn/diarree
- Oormatige senuweeagtigheid
- Velerupsie, byvoorbeeld pitsere/puisies
- Hartkloppings
- Skeelhoofpyn
- Depressie
- Jig
- Voedselverwante siektes – bulimie, anoreksie, vetsug (Enige 3 × 1) (3)

6.7
- Selfbeeld
- Selfkommunikasie
- Selfagting
- Positiewe houding
- Selfhandhawing
- Konflikhantering (Enige 5 × 1) (5)

6.8
- Ignoreer of onttrek aan konflik – doelbewuste manier om die hantering van konflik te hanteer
- Skikking – albei partye word toegelaat om hul sê te sê. Konflik word nie opgelos en ook nie ondersoek nie.
- Ondergeskiktes – konflik word vertraag, omdat iets belangrikers opgeduik het.
- Ooreenkoms/kompromis – by wyse van ooreenkoms word gedeeltelik aan die partye se eise voldoen.
- Arbitrasie – 'n derde party of persoon word ingeroep om te probeer om die konflik op te los. Dit word gedoen wanneer normale onderhandelings misluk het. Die derde persoon moet vir albei partye aanvaarbaar wees.
- Bemiddeling – 'n bemiddelaar word ingeroep om die konflik tussen partye op te los en moet vir albei partye aanvaarbaar wees. Die bemiddelaar moet objektief, betroubaar en 'n goeie luisteraar wees sonder om raad op die partye af te dwing. 'n Bemiddelaar sal 'n oplossing vind.
- Konflikoplossing deur samewerking – albei partye gee uiting aan hulle gevoelens en oorweeg alle aspekte. (7 × 2) (14)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

7.1
- Kinders word nie in die kombuis sonder toesig toegelaat nie.
- Brandwonde kom dikwels in die kombuis voor. Die handvatsels van potte en panne moet na die binnekant van die stoof gedraai word.
- Elektriese koorde moenie uit kaste hang nie.
- Glasware en breekgoed moet op 'n veilige plek gebêre word.
- Alle huishoudelike skoonmaakmiddels en chemikalieë moet buite bereik en agter slot en grendel gestoor word.
- Tafeldoeke is gevaarlik, omdat hulle van die tafel afgetrek kan word.
- Wees versigtig om nie kookwater/kokende olie naby kinders te spat nie.
- Daar moet minstens een brandblusser byderhand wees.
- Alle messe/gevaarlike gereedskap moet buite bereik gehou word.
- Hou elektriese toestelle weg van water en trek die prop uit wanneer hulle nie gebruik word nie.
- Moenie 'n hoë stoel naby die stoof of in die omgewing van besige areas plaas nie.
- Hou die wasmasjien se deur te alle tye toe.
- Pasop vir gevaarlike stortsels wat die vloer glibberig kan maak.
- Voorkom rommel op die vloer en werkoppervlakte om ongelukke te voorkom.
- Hou alle elektriese toerusting buite bereik.
- Hou alle chemikalieë weg van hittebronne.
- Plaas etikette op alle houers.
- Moenie in die kombuis rook nie.
- Gebruik 'n veiligheidskerm op die stoof.
- Hou kinders uit die kombuis, en moet hulle nooit sonder toesig in die kombuis los nie. (Enige 7 × 1) (7)

7.2
- Moet nooit sampioene eet wat nie kommersieel verbou is nie.
- Leer kinders om nie met plante te speel nie:
  - Hulle moenie plante gebruik om tee te maak nie.
  - Hulle moenie sade of bessies in hulle mond sit nie.
  - Hulle moenie stokkies gebruik om hulle koeldrank of kos mee te roer nie.
- Hou plante, sade, vrugte en bolle weg van klein kindertjies, veral wanneer hulle op die stadium is waar hulle nog steeds alles in hulle mond sit.
- Moenie giftige plante in areas plant waartoe kinders toegang het nie.
- Wees bewus van al die gevaarlike plante in jou tuin. (5)

7.3
- Speelgoed moet wasbaar wees, gemaak van plastiek of rubber.
- Hulle moenie growwe/ongelyke kante hê nie, want albei is gevaarlik en moeilik om skoon te maak.
- Vermy speelgoed wat uitmekaar val, met ander woorde, speelgoed wat in klein stukkies breek nie.
- Popklere moet gewas word wanneer nodig.
- Fantasieklere moet ook gewas word wanneer nodig.
- Houers waarin vetkryt/skêre gehou word, moet gereeld skoongemaak word.
- Blokke moet elke dag afgevee word om te voorkom dat hulle vuil en taai word.
- Ander toerusting, byvoorbeeld buitewaterspeelgoed/sandspeelgoed en fietsies moet weekliks skoongemaak word.
- Alle speelgoed moet weggepak word wanneer hulle nie gebruik word nie. Dit sal help om hulle skoon te hou en skade voorkom. (Enige 5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

7.4
- Isoleer die siek kind. Aansteeklike siektes word maklik van een kind na 'n ander oorgedra.
- Skakel die ouers.
- Troos die kind en laat hom of haar op sy of haar gemak voel.
- As die kind se toestand vinnig vererger, moet hy of sy na 'n dokter/kliniek/hospitaal geneem word of 'n ambulans moet ontbied word.
- Skryf altyd jou waarnemings neer. Dit sal ouers help om die korrekte inligting aan die dokter te gee sodat hy of sy die kind korrek kan diagnoseer.
- Voor mens medikasie aan die kind gee, moet die ouers se skriftelike toestemming eers verkry word, of so nie kan jy verantwoordelik gehou word vir die verkeerde dosis, ensovoorts.
- As ouers vra dat jy medikasie toedien, moet jy eers seker maak dat
  - die medikasie verskaf word in 'n bottel met die apteek se besonderhede daarop.
  - die kind se eie naam moet op die bottel se etiket verskyn.
  - die dosis en tye van toediening moet gespesifiseer word.
- Hou medisyne buite kinders se bereik.
- Gaan na of medikasie in die yskas gehou moet word. (10)

7.5
- Niebederfbare voedsel
- Water word weekliks verander
- Flitse, vuurhoutjies, gasstoof, pot
- Kombers
- Kerse
- Klere
- Speelgoed
- Radio met batterye
- Melkpoeier met bottels
- Goed toegeruste noodhulp-/eerstehulptoerusting (Enige 5 × 1) (5)

7.6
- Bly kalm.
- Maak alarm.
- Ontruim die gebou en kry die kinders eerste uit.
- Skakel die polisie of burgerlike diens om hulp.
- Soek skuiling op 'n hoogliggende posisie, byvoorbeeld op 'n dak.
- Neem kos en ekstra klere saam.
- Wees daarvan bewus dat party kinders dalk 'n verskriklike vrees vir water kan hê.
- Luister na vroeë waarskuwings.
- Toesig oor kinders is uiters belangrik.
- Laat kinders aan drywende voorwerpe vashou.
- Probeer om nie teen die stroom te swem nie. (Enige 7 × 1) (7)

Kopiereg voorbehou

7.7
- Daar moet reëls wees en kinders moet die reëls volg, byvoorbeeld moenie water in die toilet spat nie.
- Seuns en meisies kan dieselfde toilet gebruik. Dit sal hulle help om van seksuele verskille te leer.
- Moenie 'n kind dwing om die toilet tydens die roetine toilettyd te gebruik nie. Jy moet egter sorg dat hulle die toilet gereeld gedurende die dag gebruik.
- Kinders met blaasprobleme moet die toilet eerste gebruik.
- Behoorlike toesig in die badkamer is belangrik.
- Laat kinders toe om nie haastig te wees nie.
- Toilette moet skoon en higiënies wees.
- Dit is verkieslik dat toilette nie deure het nie, of as hulle deure het, moet hulle lae deure hê.
- Leer seuns om die toiletsitplek op te lig en weer af te klap na gebruik.
- Kinders moet gemaklike klere dra. Hulle moet onafhanklik wees en hulself kan help wanneer hulle die toilet gebruik. Moenie vir kinders denim- en skouerbroeke aantrek nie, aangesien hierdie klere probleme kan veroorsaak wanneer die kind hulle probeer verwyder. Aanglipbroeke/kortbroeke is baie beter. (Enige 4 × 1) (4)

7.8
- Sorg dat die motor in 'n goeie werkende toestand is.
- Tref al die nodige voorsorgmaatreëls wanneer jy bestuur. Gehoorsaam die padreëls en wees op jou hoede.
- Hou al die deure gesluit en installeer kinderbestande veiligheidslotte.
- Leer kinders om slegs aan die passasier se kant van die motor in- en uit te klim.
- Moet nooit 'n kind toelaat om op die sitplek te staan of om in die motor rond te klim wanneer die motor beweeg nie.
- Sorg dat die kind nie sy of haar hand, kop of enige ander liggaamsdeel by die venster uitsteek nie.
- Moenie 'n geskreeu of ander afleidings toelaat wanneer jy bestuur nie. As 'n kind aandag nodig het, moet mens van die pad aftrek en die kind versorg.
- Moet nooit die kind toelaat om in die bestuurder se sitplek te sit of met die stuurwiel speel wanneer die motor geparkeer is nie.
- Hou altyd 'n noodhulpkissie en flits met vars batterye in die motor.
- Sorg dat volwasse passasiers op 'n wyse optree wat jy van jou kinders verwag.
- Voorsien stil speletjies op lang ritte om kinders besig te hou. Stop minstens elke twee uur sodat hulle hul bene kan rek. Moenie te ver op een dag probeer ry nie. (Enige 4 × 1) (4)

7.9
- Naarheid
- Swakheid
- Swak of ongereelde asemhaling
- Koue, klam vel
- Bleekheid
- Flouheid
- Dors (Enige 3 × 1) (3)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou